# Druppels

WATERVAL GEMEENTE



**Hoe Begin jy jou Dag?**

* Moses sou sê: "Here, as U nie saam ons vooruit gaan nie, laat ons dan net hier bly."
* Abraham sou sê: "Die Here sal voorsien."
* Jakob sou sê: "Ek sal U nie laat gaan, totdat U my geseën het nie"
* Josua sou sê: "Ek en my huis, ons sal die Here dien."
* Samuel sou sê: "Spreek Here, U dienskneg luister."
* Nehemia sou sê: "Die blydskap in die Here is my beskutting."
* Dawid sou sê: "Die Here is my Herder, niks sal my onbreek nie" en "Dit is die dag wat die Here gemaak het, laat ons juig en bly wees."
* Solomo sou sê: "Vertrou die Here met jou hele hart en leun nie op jou eie insigte nie, in alles wat jy doen maak dit bekend aan die Here en Hy sal jou paaie gelyk maak."
* Jesaja sou sê: "Staan op, word verlig want jou lig kom en die heerlikheid van die Here gaan oor jou" en "Geen wapen wat teen jou gesmee word sal iets uitrig nie."
* Jeremia sou sê: "Die Here het planne om my voorspoedig te maak en sal my nie teleurstel nie."
* Jabes sou sê: "Dat U my sal seën en my grondgebied vermeerder"
* Sadrag, Mesag en Abednégo sou sê: "Ons buig voor geen beeld nie maar ons sal die Here dien"

- Esegiël sou sê: "Enige droë bene in my lewe, sal weer lewe"

**Toepassing:**

Waarmee begin JY jou dag? Woorde het krag, hetsy positief of negatief. Die manier hoe jy jou dag begin bepaal baie keer hoe dit gaan eindig. As ons KIES om positief te wees en in oorwinning te leef, dan verloop die dag gewoonlik bietjie makliker, en spring ons ook bietjie makliker oor die 'hekkies in ons pad'. As ons die dag klaar negatief begin, dan raak alles gewoonlik net te veel en 'cope' ons nie so lekker met dit wat verkeerd loop nie.
KIES om dit saam met God te begin, klaar in die oorwinning!!

KLAPPER MALVALEKKERS
80 ml gelatine,
125 ml kouewater,
375 ml kookwater,
4 x 250 ml suiker,
2 eierwittte,
knypie sout,
5 ml geursel en voedsel kleursel.



Gebruik n groot mengbak. Week gelatine in die koue water. Voeg die kookwater by en roer tot op gelos. Voeg die suiker, eierwit en sout by. Klits vinnig vir 15 tot 20 minute totdat dit begin verdik. Verdeel en kleur en geur soos verkies. Sorg dat kleursel en geursel by mekaar pas. Bv pienk kleursel en aarbei geursel. Die mengsel kan in gesmeerde pan gegiet word om te stol. Sny in blokkies en rol in klapper indien verkies. Kan dit ook in roomys horinkies sit.

OUTYDSE SOETKOEKIES MET NEUTMUSKAAT
250 g botter 750 ml suiker
5 groot eiers 6 X 250ml ongesif afgemeet koekmeel
30 ml bakpoeier 10 ml neutmuskaat 2 ml sout
VERSIERING
1 eier 25 ml melk
Verroom botter suiker en eiers. Sif droe droë bestanddele saam. Meng by eiermengsel in tot sagte deeg. LAAT DEEG VIR HALFUUR RUS. Rol uit en druk af. Verf met eier en melk. Bak by 200 grade vir 8 tot 10 minute.
Resep geplaas deur Alice Meintjes

# BLOKRAAI

## DWARS
1. Tien jaar.
2. Gee die sinoniem vir "byna".
3. Gee die ontkennende vorm van "altyd".
4. Wat is die voegwoord in die sin? Ek verjaar dus is ek 'n jaar ouer.
5. Waarvoor staan die afkorting "e" in: 30ml (2 e) suiker.
6. Skryf die basisvorm van die woord "verjaar."
7. So oud soos die ______.
8. Gee die antoniem van "nuut".
9. Gee die vroulik van "haan".
10. Gee die vroulik van "neef".
17. Skryf dos. uit as 'n woord.

## AF
11. Gee die verlede tyd tyd van "is".
12. Gee die intensiewe vorm van "gelukkig".
13. Gee die vergrotende trap van "oudste".
14. Wat is die byvoeglike naamwoord in die sin? Die dag is heerlik.
15. Gee die korrekte vorm van die woord: 'n Burger van Suid-Afrika is 'n _____ - _______.
16. Nie alleen slaag ek my Afrikaans nie, _____ ek kry ook goeie punte.
18. Vul die ontbrekende woord in: Jan sê: "Ons hou van Afrikaans". Jan sê dat ______ van Afrikaans hou.
19. Gee die antoniem vir "dag".
20. Gee die vroulik van "monnik".



Gemeente Kontakbesonderhede
Posbus 442, Bergbron, 1712
Hv Longweg en 11de str, Newlands
Kerkkantoor 011 4778534
waterval@absamail.co.za



Diens: Sondag 08.30
Gebedsgroep: Woensdag 10.00

**BANKBESONDERHEDE**
ABSA ,
Waterval Gemeente NPC
Rek nr: 4099924637

| | | |
|---|---|---|
| Musiekbediening | Pieter Kruger | 083 443 7694 |
| Jeugbediening | Renaldo de Buys | 072 920 5896 |
| Besige Bye | Ralie van Heerden | 083 788 2317 |
| Diens van Barmhartigheid | Thys du Preez | 073 166 7465 |
| Druppels Maandblad | Ds Willie | 082 680 1473 |

GEBEDSBEDIENING
Ons het `n gebedsgroep op Woensdae om 10:00 te Gordonweg 104, Bergbron.
Almal welkom

**WHATSAPP GEBEDSGROEP**
Daar is `n Waterval-gebedsgroep op whatsapp.
Indien jy belangstel om deel van hierdie groep te word, kontak die kerkkantoor.

https://pos.snapscan.io/qr/IjZBYsik
Indien jy hulp nodig het,
Kontak Hannelie du Preez by die kerkkantoor

Snap here to pay

Al die dienste is beskikbaar op ons
You Tube: Waterval Gemeente

# Afkondigings

**30 Oktober 2022**
Kinderdiens + Doop




Kom kuier saam op Facebook
by Waterval Gemeente en sien gemeente nuus soos dit gebeur

# Onse Vader gebedsblokkie




**30 Oktober 2022**

Kinderdiens +
Doop

Kinderdiens

Kinders

## Mammas in die Bybel

Daar was 'n mamma mix-up! Kan jy dit regmaak? Trek 'n lyn van die mamma en die leidraad tot by die kind of kinders.

**MARIA**
'n Engel het vir my vertel dat ek 'n baba sal hê wat die Seun van God sal wees.

**JOGEBED**
Ek het my baba in 'n mandjie gesit. (Eksodus 6:20)

**SARA**
Ek het gelag toe God belowe dat ek op my oudag 'n kind sal hê. (Genesis 18:9-14 & 21:1-3)

**REBEKKA**
Ek het bokvelle en 'n lekker ete gebruik om my seun te help om sy pa te kroek. (Genesis 24:15-17)

**HANNA**
Ek het belowe om my seun vir God terug te gee. Daarom het hy in die huis van die Here grootgeword. (1 Samuel 1:20)

**EVA**
Ek is die moeder van alles wat lewe genoem. (Genesis 3:20, 4:1)

- ISAK
- SAMUEL
- KAIN & ABEL
- JESUS
- JAKOB & ESAU
- MOSES



© 2018 by Path Through the Narrow Gate.com | Graphics by Edu-Clips and Hidesy's Clipart | May be reproduced for individual family, classroom, or church use only

## Gemeentebraai
## Erfenisdag/ Braaidag
## 24 September 2022

Waterval het Braaidag gevier soos net ons kan!!! Thys en sy span het sommer vroegmiddag al begin met die vure en vinnig vinnig is skottels vleis gebraai. Die Besige bye het vir ons die saal voorberei en slaaie is reggesit, gereed om te geniet!! Thys en Hannelie en al julle helpers ons kan net baie dankie sê!!! Ons almal het heerlik geeet!! `n Paar van ons is ook bederf met pryse wat uitgedeel is xx
Baie dankie en sien julle weer Braaidag 2023!!!





Lente tee
3 September 2022

Ek wil weer baie dankie sê vir elke gasvrou wat die tafels so pragtig gedek het en familie en vriendinne genooi het, sonder julle kon dit nie `n sukses gewees het nie. Dankie aan die Besige bye vir al die heerlike eetgoed!!! Soos net julle kan, ons waardeer dit. Maar belangrikste van almal …Dankie aan elkeeen wat `n kaartjie gekoop het.





## "Royal Icing" versiering werkswinkel
## 20 Augustus 2022

Christelle vd Merwe het vir ons al die moets en moenies kom wys hoe om Royal Icing te gebruik en pragtige koekies te versier. Weereens baie dankie!! Ek dink elkeen wat die oggend bygewoon het het dit terdee geniet en sal graag `n opvolg klas wil hê….

# Geelbladsye





Eiers beskikbaar
Hilda 074 408 0392



## VUURSPEL HOUT

Hout te koop

| | | |
|---|---|---|
| Sekelbos - | Klein sak | @R20 |
| Black Wattle - | Groot sak | @ R80 |
| | Klein sak | @ R20 |

Kontak Thys du Preez – 073 166 7465



Tuisgemaakte Marmelade konfyt

@R40

Willie 082 680 1473

**B&H Draughting Services.**

Vir alle "AD-HOC" Staal Struktuur en Meganiese teken in 2D en 3D
Dan doen ek ook ligte staal werk van die huis af:
Herstelwerk en bou van hekke, heinings, diefwerings ens.
Kontak: Bennie Badenhorst
084 3601253
E-pos. bhdraughting@gmail.com







**Jy hulp nodig met jou rekenaar? Kontak Eugene 071 8968 361**



Cuts&craft
Unieke geskenke-
Bestel nou vir Kersfees
Henriette 083 5636853



# Archie se Legacy

Ons het met Archie se tyd voor sy dood geleer dat nie almal is gereed om hierdie lewe agter te laat nie. Ons bedoel nie noodwendig dat iemand se saak met die Here nie altyd reg is nie. Dit gaan hier oor n mens se aardse goed. Jou testament en jou boedelbeplanning. Is joune in orde.
Ons wil in Waterval Gemeente juis hierdie diens aanbied:
Die opstel van jou testament, jou dokumente,
jou reëlings rondom jou begrafnis/verassing,
jou opstel van 'n leêr met
al die belangrike dokumente en dies meer.
Kontak ons Kerkkantoor vir meer.
Ons help jou graag.

Ds Willie




**Dokumente soos:**

1. Jou testament, die heel belangrikste dokument. Het jy een?
2. Id Dokumente
3. Huweliksertifkaat
4. Egskeiding bevel
5. Dood sertifikate (van jou huweliksmaat ook benodig)
6. Belasting nommer
7. Akte van jou afbetaalde huis of verbands staat
8. Munisipale rekening
9. Motorvoertuig registrasie papiere
10. Selfoon kontrakte
11. Bewyse van jou Bankrekening

11\. Bewyse van al jou beleggings/aandele sertifikate/pensioenfonds
12. Jou korttermyn polis (huisinhoud en motors)
13. Jou lewensversekering
14. Mediese fonds
15. Enige skuld ………ens

# Verjaarsdae OKTOBER

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | 1 | 2 |
| 3 | 4 Frik Johnson | 5 | 6 | 7 Ralie v Heerden | 8 | 9 |
| 10 | 11 | 12 Daphne Bull | 13 | 14<br>Emmie v Niekerk | 15 | 16 Lettie du Preez<br>Renaldo Du Buys |
| 17 | 18<br>Hannes v Heerden | 19 | 20 | 21<br>Hannelie Badenhorst | 22 | 23 |
| 24 | 25 | 26 | 27 | 28 | 29<br>Jacques vd Merwe | 30<br>Hennie vd Merwe |
| 31 | | | | | | |